## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Johan | Boshoff | 02/22 |
| Ludwig | Kirsten | 02/22 |
| Johan | Vorster | 02/22 |
| Teo | Herselman | 02/23 |
| Fred | Matthee | 02/23 |
| Marè | vd Merwe | 02/23 |
| Emma | van Graan | 02/23 |
| Jan | Shepherd | 02/25 |
| Ampie | Mathee | 02/26 |
| Maryne | Boshoff | 02/27 |
| Hendri | Dunn | 02/28 |
| Wilma | Fourie | 02/28 |
| Ann | Pretorius | 02/28 |
| Hein | Swart | 02/28 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

22 Februarie 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Heberg Kinderhuis
**Dinsdag**
10h00 Angs-en Depressiegroep
18:30 Kerkraad
**Woensdag**
17h30 Gebedsgeleentheid
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 1 Maart**
09h30 L'Agulhas
10h30 Kategese
Sinodale kollekte:
Badisa

**GESKENKPAKKIE**
Ons stel 'n geskenkpakkie saam vir Ilse Roux (spreker by ons Damesoggend). BRING asseblief iets daarvoor saam NAGMAAL toe. 'n Boksie sal op die ovaaltafel in die voorportaal staan waarin jy jou bydrae kan plaas. By voorbaat dankie.

**DAMESTEE** Dames, bederf jouself of 'n vriendin en kom woon ons damesoggend by. Besprekings kan by Erna gedoen word by 0284356789 van Dinsdag tot Donderdag, 08h00 tot 12h00. ILSE ROUX, bekende in bruidskringe en skrywer van geestelike boeke is ons gasspreker. Sien asseblief die plakkate wat opgeplak is. VIER JOU VROUWEES! Marlise Koekemoer gaan die tafels asemrowend mooi dek. Daar is 'n pragtige foto-hoekie en die lekkerste peuselhappies en koeke. Ilse bring van haar boeke saam om te verkoop en foto's van haar klere wat sy al gemaak het. Daar word R10-lootjies verkoop en die lekkerste pryse is te wen! Daar sal selfs gelukkige trekkings wees! Ons koppel die Damestee aan 'n fondsinsameling vir die kerk se dak in Struisbaai. Koop 'n kaartjie! Dit gaan so lekker wees! Besprekings kan ook by Joanie gedoen word - enige tyd. WhatsApp net 072 5193170. Betalings kan ge-EFT word na ons kerk se rekening by ABSA, Rek nr. 1780147276. Daar sal plek wees vir enkelinge en vir dames wat by dieselfde tafel wil sit. Jy kan BEWYS VAN BETALING vir Joanie WhatsApp en daarby meld wie by jou gaan sit. So leer ons mekaar ken! Onthou jou HOED of iets fassinerends op jou kop!

**Teksvers:** Jes53 : 5 Oor ons oortredinge is Hy deurboor, oor ons sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

## Ons bid vir...

1. Soveel mense om ons wat nie gesond is nie, vir versorging en genesing.
2. Weeskinders en kinders wat vanweë maatskaplike omstandighede in die Herberg Kinderhuis in Robertson geplaas is.
3. Diegene wat trauma en/of verlies ervaar. Mag hulle omstandighede verbeter en hulle angsvlakke daal.
4. 'n Goeie opkoms en seën op ons Wêreldbiddag vir mans en vir vroue op 6 Maart.
5. Ondersteuning van ons Damestee op 7 Maart, sodat ons lekker geld kan insamel vir ons kerk in Struisbaai se dak en mekaar beter kan leer ken.
6. Besprekings en besluite op ons Kerkraadsvergadering Dinsdag, 24 Feb.

**STRAATWERK** 'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor. Hulle benodig ook handdoeke en lyfseep vir die storte in die Bo-Kaap,

## DIE HERBERG KINDERHUIS

Die volgende e-pos, gedateer 04/02/2026, wat aan Kobus Meyer, ons Kerkraadslid vir Getuienis, gestuur is, word graag met u gedeel:
Beste Kobus en Gemeente. Hiermee spreek ons ons opregte dank en waardering uit vir Huis C se bederf met eetgoed, kruideniersware, ensovoorts.
Al u liefde en omgee gaan beslis nie ongesiens verby nie en word opreg waardeer. Woorde kan nooit ons dankbaarheid genoeg beskryf nie. Dankie dat u 'n verskil maak in die lewe van ons kinders. Dit beteken vir ons kinders geweldig baie om te weet dat daar mense is wat omgee vir hulle en wat aan hulle dink. Vriendelike Kinderhuis-groete. Minette de Villiers

## DANKIE VIR:

1. Goeie behandeling en suksesvolle operasies.
2. Die beskikbaarheid van medici, sielkundiges, predikante en beraders.
3. Lidmate wat gewillig is om nie net vir ons gemeente hard te werk nie, maar ook in ons gemeenskap van onskatbare waarde is.
4. Soveel geleenthede in Struisbaai en L'Agulhas vir inwoners om by in te skakel en geborge te kan voel.
5. HOOP vir almal van ons omdat Jesus alreeds vir ons sonde betaal het. Mag ons altyd ons oë op Hom hou en uit dankbaarheid daarna strewe om meer liefde uit te straal en ons daartoe inspan om te doen wat Hom behaag.

# Doen & Deel

## MARDI GRAS teenoor LYDENSTYD

Mardi (Dinsdag) en Gras (vet), letterlik VET DINSDAG in Frans, is wêreldwyd bekend as toeriste-aantreklikheid in New Orleans. Dit spruit uit 'n Christelike tradisie wat deur die Franse na New Orleans gebring is. Mardi Gras verwys na die laaste dag waarop jy jou kan verlustig aan heerlike ryk eetgoed wat vleis, melk en soetgoed insluit. Fees word gevier met luidrugtige, vrolike musiek, maskers, parades en kostuums, want wanneer Aswoensdag aanbreek, begin 40 dae se voorbereiding vir Paasfees en dié 40dag-periode (met uitsluiting van die Sondae) word LYDENSTYD genoem. Dit is nou weer die tyd wanneer jy lekkernye of dinge wat jy geniet vermy, dis 'n tyd van nadenke oor jou lewe, vas en berou toon. Gelowiges besin oor Jesus se lyding en sterwe aan die kruis, ter voorbereiding van sy opstanding. Geestelike Verdieping, hertoewyding en die opnuut bewuswording van God se genade en Christus se opoffering staan sentraal tydens Lydenstyd.

## Herfsbasaar

Het jy netjiese klere, hoede, handsakke, juwele, skoene wat jy nie meer gebruik nie? Kan jy dit dalk skenk vir ons OPWIPWINKEL? KOM KOOP SELF!
Gee net jou goedjies by die Kerkkantoor af voor/op 18 Maart (Di - Do, 08h00 tot 12h00). Merk net asb. jou sak JOANIE.

## MUSIEKTALENTKONSERT

Kaartjies @ R100 p.p.(verversings ingesluit) is te koop by Nana's Boutique in Struisbaai en by die Hoërskool Bredasdorp se ontvangs. Dit geskied te SUIDERLIG DIENSSENTRUM op 27 Februarie om 18:30 vir 19:15. Ondersteun hulle asb.




## WêRELDBIDDAG VIR MANS EN VROUE.

Die Wêreldbiddag vir mans en vir vroue vind albei plaas op Vrydag ,6 Maart, in L'Agulhas.
Die mans se byeenkoms begin om 7:30 en word gelei deur Ds. Pierre Marais.
Die vrouebyeenkoms begin om 9:30.
Nooi jou vriend/vriendin, buurman/buurvrou en word versterk met die tema:"Ek sal julle rus gee"